

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**No. 2/1995**

**Deur my na ander.**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# **God reik uit na my... ...en deur my... ...na ander!**

## **Geloofsgesprekke uit die Woord**

- ◆ 1 Joh. 1:1-4 Die apostels bly nie stil nie.
- ◆ Joh. 4:7-26 Geloofsgesprek met die regte inhoud.
- ◆ Ps. 66 Kom luister! Ek wil vertel...
- ◆ Kol en Tes Kanale - nie doodloopstrate nie.

## **Gebruik die bladje só...**

### **...vir die kerkraad**

- ◆ Stel *Quo Vadis?* beskikbaar en bekend aan die gemeente (bv. by die deure na die erediens).
- ◆ Laat ouderlinge vir eie toerusting die pad wat God met hulle geloop het, vir mekaar vertel
- ◆ Ouderlinge gee by die maak van die afspraak kennis dat die huisbesoek hieroor sal handel. 1 Joh. 1:1-4 of enige van die ander skrifgedeeltes wat behandel word, kan gebruik word.
- ◆ Laat die gesprek by huisbesoek toespits op die probleme en vreugdes wat lidmate ervaar het as hulle hulle geloof met mekaar deel.
- ◆ Onthou ons is besig met 'n proses waarin lidmate stelselmatig geleer word om evangeliserend te leef. Moenie nou al méér verwag as die blote vertel vir mekaar nie.
- ◆ Hanteer die onvermoë om geloof met mekaar te deel (wat moontlik in die vorm van of een of ander weerstand sal manifesteer) met groot sensitiwiteit sonder om die opdrag van die Here prys te gee.
- ◆ Moenie vergeet om die "deel met mekaar" te oefen in bestaande kleingroepe (Bybelstudiegroepe) nie.
- ◆ Kleingroepe kan die skrifgedeeltes in hierdie *Quo Vadis?* as 'n reeks gesprekke deurwerk.

### **...vir die gemeenteblad**

God het na ons uitgereik. Jesus het in ons skoene kom staan. Vandag nog reik Hy uit: Ons is Jesus se liggaam - Hy is in ons op die aarde.

Deur ons lewens versprei die boodskap van God se groot liefde. Ons wil die kwartaal hieroor praat...

Kry die *Quo Vadis?* en praat saam!

*Ek het saam met my pa en my broer gewerk. Ons was in die visbedryf. Eintlik praat ek met jou nie om van myself of my pa of my broer of die visbedryf te vertel nie, want ons is maar gewone mense.*

*En tog as ek nadink dan is ons baie spesiale mense. Daar het eendag 'n Man verby ons gewerskaf by die skuit gestap en my en my broer beveel om Hom te volg. Dit was dadelik duidelik dat dit 'n besondere Man was. Ons het Hom gehoorsaam want Hy het met gesag gepraat. My lewe het van daardie oomblik af verander.*

*Ek kon eers nie verstaan hoe Hy my so maklik onder sy beheer kon bring nie. Maar met die jare het ek al meer agtergekom wie Hy eintlik is. Ons het so baie by Hom geleer. Ons het verstommende dinge gesien en gehoor. Dinge wat net van God af kan kom. Hy het met die mag van God opgetree. As ek daarvoor nadink kan ek nie anders nie as om te sê: Hy is God self. Hy was van die begin af - ek bedoel van die begin van die Skepping af, nee, eintlik voordat iets geskep is, was Hy reeds daar.*

*En skielik was Hy hier - tussen ons en by ons. Ek het hom lief gekry en het in die tyd wat ons saam was agtergekom dat Hy my liefhet. Weet jy, Hy het een aand ons voete gewas! Die wonder besef ek nou eers - Hy is God se liefde aan my.*

*Dit was vir my verskriklik toe Hy dood is. Veral die manier waarop hulle Hom doodgemaak het. Ek weet nou dat Hy weer lewe en dat Hy eintlik alles vir my gedoen het. Daarom voel ek so spesiaal. Ek is 'n gewone mens maar ek is ook 'n kind van God.*

*Ek kan deesdae nie ophou dink en praat en skryf daarvoor dat God my geroep het om agter Hom aan te loop nie. Dat ek werklikwaar sy stem kon hoor, met Hom kon praat... selfs aan Hom kon vat. Dit klink miskien verkeerd om. Maar nou dat Hy terug is na die hemel kan ek eers baie met Hom praat. Nou is Hy eers naby omdat Hy sy Gees aan my - liever in my! - gegee het.*

*Ek is bly oor alles wat Hy vir my gedoen het. Ja, ek praat ook met jou oor Hom sodat jy saam met my kan deel in die blydschap om God so te ken. Ek is bly omdat jy ook vir God kan sê "Vader!", en ek en jy soos broers kan wees omdat God ons Vader is. Ek wil graag met ander oor Hom praat. Ek dink dit hoort ook so.*

*Jesus het eenkeer vir ons wat saam met Hom was gesê:*

*Soos my Vader My na julle gestuur het, so stuur Ek julle...*

*Dit is die rede hoekom ek met jou oor die dinge praat...*

'n Mens sou met 'n bietjie verbeelding hierdie woorde in die mond van Johannes kon lê. Hy het mos geskryf...

### **1 Joh 1:1,3-4**

<sup>1</sup> Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe.

<sup>3</sup> Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

<sup>4</sup> Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.

**JY** wat nou hier lees hoef sekerlik nie jou verbeelding te gebruik om te vertel wat die pad is wat God met jou geloop het nie.

### **JY is ook 'n gewone mens én 'n spesiale mens - God se kind!**

God het vir Jesus gestuur omdat Hy jou lief het  
God het ook vir jou geroep om agter Hom aan te loop.

*Ken jy Hom nie al van kleins af nie?*

*Kom jy nie met die loop van die jare agter hoe spesiaal dit is dat Hy na ons toe gekom het en alles vir ons gedoen het nie?*

Jy het die voorreg om vir God "Vader" te sê.  
Jesus het jou sonde gedra.  
God het ook aan jou sy Gees gegee.

*Is jou blydskap nie ook gewortel in die gemeenskap wat jy met Hom het nie?*

God loop met jou 'n pad.

*Loop God nie ook deur jou sy pad met ander nie?*

### **Jy kan dan mos ook sê:**

God het, toe ek nog 'n babatjie was, al gesê dat Hy my liefhet.

Ek het al hoe meer van Hom bewus geraak.

Ek het selfs al voor mense gesê dat ek in Hom glo.

Ek deel saam met ander in die gemeenskap met God.

My lewe verander deur sy liefde.

lewers was daar iemand wat my baie gehelp het om my lewenspad saam met

God te loop...

### ***Dit is presies hoe God werk!***

*Hy is nog steeds besig om na ander uit te reik! Hy maak nog steeds van gewone mense sy kinders! Hy gebruik nog steeds gewone mense om te vertel! Hy dring nog steeds mense met die liefde van Jesus!*

# 'n Uitdaging!

Vertel van die pad wat God met jou geloop het.  
Vertel vir 'n persoon wat naby jou is: Jou  
lewensmaat, kind, ouer, vriend... Kies iemand  
met wie jy God se werk in jou gemaklik kan deel.

## ***Wanneer 'n mens begin om God se liefde met ander te deel..***

- ◆ word jy meer bewus van sy liefde!
- ◆ oefen jy om vrymoedig te praat oor God se groot dade!
- ◆ word jou lewenswyse al meer deur sy liefde ingekleur!

**'N UITDAGING VIR JOU!** Vertel by die Bybelstudiegroep oor God se pad met jou

**'N UITDAGING VIR JOU!** Gesels met die volgende besoek van iemand van julle gemeente oor wat God in en met jou doen.

**'N UITDAGING VIR JOU!** Gaan praat dadelik met iemand wat jy vertrou as jy voel dat jy en God nog nie regtig 'n pad saam geloop het nie.

## **Ps. 66:7**

*Kom luister toe, o Godgesinde!  
Kom, almal wat die HERE vrees!  
Ek sal vertel aan al sy vrinde  
wat Hy gedoen het aan my gees  
Ek het geroep, God het geluister  
toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister,  
was God my lof, net Hy alleen.*

**1 Joh. 1:1-4**

1 Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe.

2 Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is.

3 Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

4 Dit skryf ons sodat ons blydschap volkome kan wees.

**Die apostels bly nie stil nie!**

**Wie is almal betrokke by die verse?**

Johannes skryf oor...  
aan...  
sodat...  
gemeenskap  
met...  
en...

**Hoekom skryf en verkondig Johannes?**

vers 3: sodat...  
vers 4: sodat...

**Deur te verkondig, deel Johannes met ons wat hy ontvang...**

Johannes (en die apostels) is 'n getroue getuie van Jesus want hy het

vers 1: *Hom self gehoor;*  
*met sy eie oë...;*  
*en met sy hande...*

vers 2: Aan hulle is geopenbaar die...

**Wie is Jesus?**


**Betekenis**

*Van die begin af was Hy daar* .....

*Woord (van die) Lewe.* .....

**Dus:** Ons het die Woord, die Lewe, die gemeenskap met God en met mekaar ontvang omdat die apostels die opdrag om dit met ander te deel, nagekom het. Dit is hoe die plan van God werk.

God --> Jesus --> apostels --> gelowiges --> Ons --> .....



.... praktiese gedagte

**As jy die studie alleen doen:**

- ◆ Probeer die week met iemand (met wie jy dit gemaklik kan doen) praat oor die betekenis van jou geloof in Jesus Christus.

**As dit 'n huisbesoekgeleentheid is:**

- ◆ Kom ons praat met mekaar oor Jesus in ons lewens (sodat ons met mekaar kan deel in die gemeenskap waarvan Johannes skryf)
- ◆ Die een wat die besoek bring begin vertel ...

**As dit in 'n kleingroep is:**

- ◆ Kom ons praat met mekaar oor Jesus in ons lewens.
- ◆ Onderneem om volgende week weer 'n deel van die byeenkoms aan die onderwerp af te staan.

# Die inhoud van 'n geloofsgesprek

## Joh. 4:7-26

- 7 Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: "Gee My 'n bietjie water om te drink."
- 8 Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop.
- 9 Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.
- 10 Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: "Gee My 'n bietjie water om te drink." sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het."
- 11 Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?"
- 12 Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"
- 13 Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
- 14 maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."
- 15 Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."
- 16 Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen."
- 17 Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie." En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: "Ek het nie 'n man nie."
- 18 Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat."
- 19 Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is.
- 20 Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem."
- 21 Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.
- 22 Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode.
- 23 Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.
- 24 God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."
- 25 Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."
- 26 Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."



## **...insig**

### **1. Wat is die uiteindelijke doel van die gesprek?**

Kies die mees korrekte stelling:

Jesus is dors en wil water hê.

Jesus wil vir die vrou sê dat sy 'n sondaar is.

Jesus wil sê dat Hy die Messias is.

Jesus wil haar leer oor Jode en Samaritane.

Jesus wil haar leer om op die regte manier te aanbid.

### **2. Die gesprek verloop so:**

<b><u>Spreker</u></b>	<b><u>Aard</u></b>	<b><u>Inhoud</u></b>
Hy	aanknopingspunt	Gee vir my 'n bietjie water om te drink.
sy	strydpunt	Jode en Samaritane.
Hy	persoonlik	As jy geweet wie Ek is...
sy	strydpunt	Jy is tog nie meer as Jakob nie...
Hy	persoonlik	Ek gee die borrelende water van die lewe
sy	soekend	Gee vir my van die water...
Hy	wees eerlik oor jou dors	Gaan roep jou man.
sy	ontbloot	Ek het nie 'n man nie.
Hy	waarheid	Dit is die waarheid van jou lewe.
sy	strydpunt	Waar aanbid mens?
Hy	persoonlik	Ware bidders aanbid die ware God.
sy	strydpunt	Wanneer kom die Messias?
Hy	persoonlik	Dit is Ek

### **3. Die verloop van die gesprek leer ons...**

- ◆ dat 'n gesprek oor geloof nie los kan staan van die werklikhede in mense se lewens nie;
- ◆ dat die gesprek uiteindelik moet gaan oor God se groot daede in Jesus Christus;
- ◆ dat daar nie in godsdienstige strydpunte vasgeval mag word nie.

## ...praktiese opdragte

### As jy die studie alleen doen:

Gee vir die geloofsgesprekke wat jy voer 'n persentasie aan die hand van die volgende vrae:

	%
◆ In hoe 'n mate handel ons gesprekke oor Jesus, God se groot daade?	
◆ In hoe 'n mate val ek in strydvrae vas? (Watter strydvrae?)	
◆ In hoe 'n mate gaan ons gesprekke oor die werklikhede van ons lewe?	

Sorteer jou strydvrae met 'n kundige persoon uit en konsentreer daarop om in die toekoms oor God se groot daade deur Jesus Christus in jou lewe te praat.

### As dit 'n huisbesoekgeleentheid is:

Gee vir die geloofsgesprekke wat jy tydens huisbesoek voer 'n persentasie aan die hand van die volgende vrae:

	%
◆ In hoe 'n mate is God se groot daade in Jesus in die middelpunt?	
◆ In hoe 'n mate redeneer ons oor allerhande strydvrae?	
◆ In hoe 'n mate het ons gesprekke betekenis vir ons daaglikse lewe?	

Onderneem almal saam om gesprekke in die toekoms om Jesus Christus te laat wentel, strydvrae die regte plek te gee en die vrug van God se werk in julle lewens te soek.

### As dit in 'n kleingroep is:

Toets die bespreking in die groep met die volgende vrae:

	%
◆ In hoe 'n mate praat ons oor God se daade in Jesus Christus?	
◆ In hoe 'n mate word ons gesprekke deur strydvrae vervlak?	
◆ In hoe 'n mate het ons gepraat betekenis vir ons daaglikse lewe?	

Onderneem almal om die groepsgebesprek op die regte spoor te hou.

## ***Kom sing saam!***

*Ps 40:5*

*Nou sal ek u geregtigheid laat hoor:  
daarvan in groot vergadering  
vry-uit die blye boodskap bring,  
uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor  
U trou wat nooit beswyk het,  
u heil wat ons geblyk het,  
u guns oneindig groot -  
sal ek my hulde bring  
in groot vergadering  
van vriend en vreugdgenoot.*

# Kom luister! Ek wil vertel...

*Hoe ontsagwekkend is u werk!*

## Ps. 66

- 1 Vir die koorleier. 'n Lied. 'n Psalm. Juig tot eer van God, almal op aarde!
- 2 Sing tot roem van sy Naam, gee Hom die eer wat Hom toekom!
- 3 Bely voor God: Hoe ontsagwekkend is u werk! U mag is groot, u vyande kruip voor U.
- 4 Alle mense moet voor U buig, hulle moet sing tot u eer, hulle moet sing tot eer van u Naam. Sela
- 5 Kom hoor wat God gedoen het, kom hoor van sy magtige dade onder die mense:
- 6 Hy het die see in droë land verander; sy volk het droogvoets deur die rivier getrek. Toe het ons gejubel oor Hom
- 7 wat ewig heers deur sy mag en die nasies in die oog hou. Die vyande moet hulle nie teen God verset nie! Sela
- 8 Prys ons God, alle volke, laat sy lof weerklink!
- 9 Dit is Hy wat ons die lewe gee en nie toelaat dat ons struikel nie!
- 10 U het ons beproef, o God, ons gelouter soos silwer;
- 11 U het ons in 'n net gevang, 'n swaar las op ons gelê;
- 12 U het ons deur mense laat vertrap, ons het deur vuur en water gegaan; maar toe het U ons uitgelei na oorvloed toe.
- 13 Ek sal u huis betree met brandoffers en aan U die geloftes betaal
- 14 wat ek gedoen het, wat ek afgelê het toe ek in nood was.
- 15 Ek bring vir U vet skape as brandoffers, ramme as wierookoffers, ek offer beeste en bokke. Sela
- 16 Kom luister, alle dienaars van God, ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het:
- 17 Skaars het ek na Hom geroep, of daar was reeds 'n loflied op my lippe.
- 18 As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie.
- 19 Maar God hét geluister, Hy hét my gebed verhoor!
- 20 Die lof kom God toe wat my gebed nie afgewys en sy trou nie van my weerhou het nie.

## **...die digter wil vertel sodat almal kan hoor**

### **Wat moet almal hoor?**

- |       |  |
|-------|--|
| 1-4   | God se mag oor alle mense              |
| 5-7   | God se groot mag deur die natuur       |
| 8-15  | God se lof in beproewing en verlossing |
| 16-20 | Kyk wat het God aan my gedoen          |

### **Hoekom moet daar vertel word?**

Laat die woorde *Juig,*  
*sing,*  
*bely,*  
*buig,*  
*prys en*  
*lof* jou help om die regte antwoord te kry!

Die digter wil vertel sodat .....

### **Wie moet almal hoor en reageer?**

Soek die woorde *almal*, en *alle* om jou antwoord te formuleer.  
Die mense wat moet hoor en reageer is .....

### *...praktiese opdragte*

#### **As jy die studie alleen doen:**

- ◆ Prys jy ook die Here vir wie Hy is?
- ◆ Gebruik die psalm as riglyn om jou gebed vol lof te maak.
- ◆ Hoe gaan jy vandag die lof in jou hart oordra na ander?
- ◆ 'n Goeie geleentheid is tussen ander gelowiges (vers 16).

#### **As dit 'n huisbesoekgeleentheid is:**

- ◆ Gebruik die huisbesoek om prakties te praat oor God se grootheid ook in die beproewings en verlossings wat julle beleef. So praat julle ook as gelowiges onder mekaar oor wat God in julle lewens doen (vers 16).
- ◆ Julle kan ook saam vertel van God se grootheid deur saam dank- en lofliedere te sing.

#### **As dit in 'n kleingroep is:**

- ◆ Gebruik die groepsbyeenkoms om prakties te praat oor God se grootheid ook in die beproewings en verlossings wat julle beleef. So praat julle ook as gelowiges onder mekaar oor wat God in julle lewens doen (vers 16).
- ◆ Julle kan ook saam vertel van God se grootheid deur saam dank- en lofliedere te sing.

## **Twee gemeentes wat nie 'n verstopping in God se kanaal was nie...**

**Kol. 1:6**

Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is.

***God het uitgereik!***

***Die Kolossense het uitgereik!***

***God het uitgereik!***

***Die Tessalonisense het uitgereik!***

**1 Tes. 1:4-8**

- 4 Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het,
- 5 want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil.
- 6 En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydschap wat van die Heilige Gees kom.
- 7 So het julle 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje.
- 8 Van julle af is die woord van die Here in Masedonië en in Agaje verkondig, en oral het die mense gehoor van julle geloof in God, sodat dit nie vir ons nodig is om nog iets daarvoor te sê nie.

## **Praktiese opdragte.**

### **As jy die studie alleen doen:**

- ◆ Dink na oor die gemeente waarvan jy lidmaat is se uitreik na ander.
- ◆ Praat jy buite die kring van julle lidmate oor jou geloof?
- ◆ Die pad van die Blye Boodskap mag nie by jou/julle doodloop nie!
- ◆ Die volgende *Quo Vadis?* gaan hieroor handel om te probeer help.

### **As dit 'n huisbesoekgeleentheid is:**

- ◆ Elke lidmaat se lewe is 'n arm van die gemeente na ander.
- ◆ Praat oor die moontlikhede vir die lidmate om uit te reik.
- ◆ Die pad van die Blye Boodskap mag nie by jou/julle doodloop nie!
- ◆ Die volgende *Quo Vadis?*<sup>7</sup> gaan hieroor handel om te probeer help.

### **As dit in 'n kleingroep is:**

- ◆ Praat oor hoe julle as groep saam die gesindheid vir die uitdra van die Blye Boodskap kan bevorder.
- ◆ Die pad van die Blye Boodskap mag nie by jou/julle doodloop nie!
- ◆ Die volgende *Quo Vadis?* gaan hieroor handel om te probeer help.

